Johannes Althusius, die Middeleeuse staatsfilosofie en die ontwikkeling van die publieke ampsidee

Andries Raath
Navorsingsgenoot
Departement Geskiedenis
Universiteit van die Vrystaat
RaathA@ufs.ac.za

Summary

Johannes Althusius, Medieval political philosophy and the development of the idea of public office

Medieval political philosophy did not regard the state as an individualised structure qualified by law. Medievalists, however, did provide the rudimentary outlines of the idea of public office as an aspect of political life. The principles embodied in the Medieval texts on political philosophy reflected a number of important perspectives for law state theories in following centuries. Firstly, the principle of rulers responsible to the people and government limited by law were not unknown to Medieval political philosophers and theologians. Secondly, the notion that political rulers are obligated to promote the public weal in their capacities as administrators or overseers were not uncommon in Medieval literature. Thirdly, a number of prominent Medieval writers regarded political rulers to be tutors who are obligated to serve the common welfare. From this idea emanated the notion that the primary duty of public office bearers is to give account of their public administration to the people of the commonwealth – an idea expressed in diverse views on the stewardship of rulers in their management of public affairs. The notion of stewardship

was explained in terms of their being vice-regents of God for purposes of serving the interests of the commonwealth and that the public office of rulers is a status of glory under God. The notion of stewardship in the works of Medieval scholars, however, reflected the irreconcilable tensions between nature and grace, as well as the dialectically opposed notions of the sovereignty of the people and the plenitude of power of rulers. Furthermore, stewardship or public administration was not informed by the principle that all things are to be brought into a unity in Christ, but by the opposing ideas of form and matter implicit to the ground motive of nature and grace. Although Althusius' political philosophy was substantially influenced by the Medieval motives of nature and grace, his Reformational commitments steered his social philosophy towards recognising the leges propriae pertaining to the various societal spheres. This insight paved the way for subscribing to a theory of the individualised structure of the state as a unique life form governed by law. By integrating the idea of public office into his legal and political theory Althusius work on politics reflected a more nuanced insight regarding the idea of office as a core element of constitutional theory. In terms of the lex propria governing the state, public office bearers are deemed to be servants called to obedience to the typical laws of statehood and public offices serving as guardians who must bring their charge to fulfilment in the public sphere by meeting the requirements of stewardship. Althusius' political theory furthermore entails that public office is grounded in the original creation ordinance by which God orders all created reality, including political life. This also implies that public office reflects a covenantal nature and is subjected to God's commandments. Furthermore, it entails that the rights attached to public office consist of the ruler's God-given authority to function as God's representatives with the assignment to carry out God's commandments. In essence the rights of public authorities are of a delegated and limited nature. In the multiformity of office coinciding with the various life-relationships (e.g. family, church and state), the office of public authorities is basic to the development of the life relationships attached to the state, being a life zone governed by law. The specialisation of office in the life zone of the state supports the unfolding multiformity of social spheres and the distinguishing nature of political institutions. Althusius' views on public office contributed substantially to the development of the theory of the state subjected to law, thereby preventing totalitarian and absolutistic forms of government.

Opsomming

Die Middeleeuse politieke filosofie het nie die staat beskou as 'n geïndividualiseerde sosiale struktuur wat deur die reg gekwalifiseer is nie. Die Middeleeuse filosofie het egter wel die basis vir die ontwikkeling van die idee van publieke ampsbehartiging in latere eeue gelê. Die beginsels opgesluit in die Middeleeuse ampsidee het verskeie belangrike elemente vir die beperking van publieke mag en totalitarisme in latere eeue bevat. Eerstens, was die beginsel van regeerders wat rekenskap aan die onderdane verskuldig is en regering wat van regsweë beperk is, nie vreemd aan die Middeleeuse politieke filosofie en teologie nie. Tweedens, was die opvatting dat politieke regeerders as administrateurs of bestuurders verplig is om die publieke welsyn te bevorder, nie ongewoon in die geskrifte van Middeleeuse skrywers nie. Derdens, is politieke magshebbers beskou as voogde en dat hulle derhalwe verplig is om die openbare belang te dien. Uit hierdie publieke diensmotief het gespruit die standpunt van rentmeesterskap en die plig van politieke ampsdraers om rekenskap van hul politieke administrasie aan die volk te gee. Rentmeesterskap is beskou as behorende tot die publieke bestuur of administrasie van die gemenebes. Die aard van rentmeesterskap was die resultaat van politieke ampsdraers wat as gevolmagtigdes van God beskou is om die onderdane in die gemenebes te dien. Bygevolg is die regeeramp 'n amp van verheerliking onderworpe aan die wette van God. Die aard van rentmeesterskap in die werke van Middeleeuse geleerdes weerspieël die onverkwiklike spanninge tussen natuur en genade, en die soewereiniteit van die volk en dié van die regeerders. Publieke rentmeesterskap was nie gegrond op die beginsel dat alles 'n eenheid vorm in Christus nie, maar in die onversoenbare motiewe van natuur en genade. Hoewel Althusius wesenlik deur die Middeleeuse opvattings van natuur en genade beïnvloed is, het sy insig in die leges propriae van die onderskeie samelewingsfere die weg gebaan vir 'n genuanseerde teorie van die geïndividualiseerde struktuur van die staat as 'n unieke lewensvorm onderhewig aan die reg. Deur die publieke ampsidee as 'n aspek van die staatlike struktuur te beskou, het Althusius se politieke teorie 'n meer genuanseerde insig in die publieke ampsidee gebied. Volgens hom was die publieke amp 'n dienshoedanigheid ingevolge waarvan ampsbekleërs geroep is tot gehoorsaamheid aan die tipiese wette van die staat. Ingevolge dié dienshoedanigheid staan 'n vors onder die opdragte ter ontwikkeling van die lewensverhoudinge wat aan die

staat verbonde is, synde 'n lewensfeer onderhewig aan die reg. Die individualisering van publieke ampte in die staatstruktuur ondersteun die ontplooiende multiformiteit van sosiale sfere en die onderskeidende aard van politieke instellings in die sosiale lewe. Althusius se sienswyses oor publieke ampte het beduidend bygedra tot die teorie van die staat onderworpe aan die reg ten einde totalitêre en absolutistiese regeringsvorme te verhoed.

1. Inleiding

Die Reformatoriese deurbreking van die natuur-genade-dualisme in die Rooms-Katolieke denke verteenwoordig die eerste teoretiese benadering tot die kosmiese verskeidenheid vanuit die konsekwent-Skriftuurlike eenheidsgrondlag van die religieuse wortelgemeenskap in Jesus Christus.[1] Teenoor die Skolastieke benadering van natuur en genade, vertrek die Reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing vanuit die grondliggende motief van skepping-sondeval-verlossing in Christus.[2] Die Reformatoriese transendering van die Skolastieke grondslag van natuur en genade, het sedert die aanvang van die sestiende eeu 'n wesenlike wending in die sosiale denke in die algemeen en die staatsfilosofie in besonder tot gevolg gehad. Die Reformatoriese klem op die Skrif in sy geheel en al sy dele as uitgangspunt vir die staatsfilosofie en politieke teorie het dit op 'n kritiese afstand teenoor die tradisionele Aristoteliese samelewingsfilosofie gestel.[3] Teenoor Aristoteles se siening van die mens as 'n by uitstek politieke wese[4], verskuif die Reformatoriese mensbeskouing die fokus na die mens as 'n religieuse wese wat ten diepste in die wortelgemeenskap met Christus veranker is en gelyklik aan die volle kosmiese sin-verskeidenheid deel het. Verskillend van Aristoteles se klem op die staat as 'n deugdelikheidsinstelling[5],

1 H. Dooyeweerd, *De Crisis in de Humanistische Staatsleer*, pp. 91-92, verduidelik dit soos volg: "(D)eze wortel onzer tydelijke schepping (is) door den zondeval verdorven en door Christus' kruisverdiensten weder hersteld, dat dus in Christus, als het hoofd van het herboren menschengeslacht de boventijdelijke religieuze zin-volheid aller tijdelijke werkelijkheid ligt."

2 Dooyeweerd, *De Crisis in de Humanistische Staatsleer*, p. 92.

3 Kyk bv. die afstand wat Johannes Calvyn (1509-1564) op Aristoteles se filosofie neem: *Institusie*, I, 5, 3, 5; I, 8, 1, 9; I, 15, 6, 7.

4 Aristoteles, *Politica*, I, 2, 1253a.

5 Aristoteles, *Ethica Nicomacheia*, I, 1, 1094b.

postuleer die Reformatore die sentrale, radikale en integrale verlossing deur Jesus Christus as vleesgeworde Woord. In die plek van Aristoteles se opvatting van die staat as volmaakte gemeenskap[6], beklemtoon die Reformatoriese samelewingsteorie die struktureel-pluralistiese aard van die samelewing as skeppingsgegewe. Teenoor Aristoteles se herleiding van gesag uit die rasionaliteit en deugdelikheid wat die staat beliggaam, in 'n bepaalde menslike funksie opgesluit lê en tot die uitsluitlike sfeer van die staat herlei word, aanvaar die Reformatore God as skeppingsordelike Bron van alle gesag. Wat laasgenoemde betref, kulmineer die Reformatoriese staatsteorie in die beskouing dat die staat 'n unieke sinstruktuur vertoon en dat staatlike gesag nie van dié staatlike sinstruktuur losgemaak kan word nie.

Die transendentaal-kritiese perspektief van die Reformatoriese staatsfilosoof Johannes Althusius gee blyke van die fokusverskuiwing vanaf die teologies-transendente staatsbeskouing van die Skolastieke staatsfilosofie na 'n transendentaal-empiriese benadering van die individualiteitstrukturele aard van die staatsverband as unieke samelewingsentiteit. Ten spyte van die transendentaal-empiriese wending wat Althusius se staatsfilosofie teweeggebring het, skemer die invloed van die Skolastieke teologies-transendente benadering in verskeie opsigte in sy staatsfilosofie deur. Ten spyte van dié Skolastieke reste verteenwoordig Althusius se filosofie egter 'n deurslaggewende stap in die ideë-historiese ontwikkeling van 'n volwaardige Reformatoriese staatsfilosofie op 'n integraal-teïstiese eenheidsgrondslag.[7] Dit was veral Althusius se klem op die unieke struktuur, rol en funksie van die staatlike owerheidsamp, publieke ampsbehartiging as 'n normatiewe eis vir die versorging van die algemene belang en die fundamentele belang van publieke ampsbediening as regstaatlike beginsel wat die ontwikkeling van die Reformatoriese regstaat-denke in die sewentiende eeu gestimuleer het. In hierdie bydrae word die teoretiese onderbou van Althusius se ampsbeskouing teen die agtergrond van die Middeleeuse standpunte in dié

6 Aristoteles, *Politica*, I, 2, 1252b.

7 Dooyeweerd, *De Crisis in de Humanistische Staatsleer*, p. 91, beskryf dit soos volg: "Want het Christendom had een waarheid geopenbaard, die de Christelijke levens- en wereldbeschouwing eens en voorgoed in een onoverbrugbare anthithese tegenover alle wijsbegeerte van het immanentiestandpunt plaatste. Het was deze waarheid, dat de scheppingsverscheidenheid onzer tijdelijke werkelijkheid niet in de *nous*, met in de immanente rede- of bewustzijnsfuncies is gelegen, maar in den religieuzen wortel van het menschengeslacht in zijn scheppingsverhouding tot den souvereinen Schepperswil Gods en in zijn onderworpenheid aan den eeuwigen zin der goddelijke scheppingsorde: den dienst der verheerlijking Zijns naams."

verband aan die orde gestel en die implikasies van sy publieke ampsteorie krities oorweeg.

2. Die Middeleeuse staatsfilosofiese erfenis

Althusius se transendentaal-empiriese benadering tot die staatstruktuur moet beoordeel word teen die agtergrond van sintese-poging van die Skolastieke denke soos dit in Thomas Aquinas se staatdenke beslag gekry het. Thomas se sintese-konsepsie gaan uit van 'n natuurlike harmonie van die natuurlike lig van die menslike rede en die bowe-natuurlike openbaringswaarhede van die Middeleeuse kerkleer.[8] Die innerlike aanknopingspunt hiervan word gesoek in die natuurlike begeerte van die menslike rede na die bo-natuurlike vervolmaking daarvan. Die outonomie wat aan die natuurlike rede toegeken word, kan slegs in hierdie sinteties-Skolastieke sin verstaan word: vir sover die rede slegs tot die natuurlike waarhede kan deurdring, kan dit nie met die bo-natuurlike in stryd kom nie, en die filosofie het 'n dienende funksie ten aansien van die Openbaringsteologie.[9] Bygevolg is die Aristoteliese wysbegeerte aan die kerkleer diensbaar gemaak en kon nie daarvan loskom nie. Die innerlike dialektiek van rede-geloof en natuur-genade word in die Middeleeuse staatdenke van die veertiende eeu deur 'n polêre antitese gekenmerk.[10] Die invloedryke nominalistiese beweging van die laat-Skolastieke filosofie was die onmiddellike uitvloeisel van die disintegrasie-kragte wat in die religieuse onderbou van die Middeleeuse denke werksaam was. Onder leiding van Willem van Ockham (oorlede c. 1349) word die aanknopingspunt tussen natuurlike en bo-natuurlike kennis ontken en natuur en genade in twee teenstrydige pole uiteengedryf.[11] Aan die natuurlike intellek word 'n metafisiese kenvermoë ontsê, met die metafisika word die natuurlike teologie afgewys en die realistiese waarheidskriteria maak plek vir 'n nominalistiese waarheidsbeskouing. Ockham ken nog die voorrang toe aan die genadesfeer, wat by hom gepaard gaan met die depresiasie van die natuurlike rede en waaraan alle waardes as voortrap van die bowe-natuurlike kennis ontsê word.

Teen die einde van die Middeleeuse tydperk tree duidelike simptome van die voorkeur vir die natuurlike terrein aan die lig. Die geleidelike sekularisering van die kerkbeskouing in die nominalistiese Skolastiek, wat reeds by

8 D.F.M. Strauss, *Philosophy. Discipline of the Disciplines*, p. 622 e.v.

9 Strauss, *Philosophy. Discipline of the Disciplines*, p. 623 e.v.

10 Strauss, *Philosophy. Discipline of the Disciplines*, p. 623.

11 Strauss, *Philosophy. Discipline of the Disciplines*, p. 624.

Marsilius van Padua (oorlede c. 1342) op te merk was, het in die loop van die veertiende en vyftiende eeu skerper aan die lig gekom. Daarmee het die nominalistiese oortuiging die wegbereider van die opkomende humanisme in die staatsfilosofie geword.[12] Johannes Althusius se staatsfilosofie staan by die kruispunte van die laat-Middeleeuse nominalisme in die Skolastiek, die Reformatoriese klem op die sin-verskeidenheid in die skepping wat slegs vanuit die wortelgemeenskap in Christus te verstaan is en die opkomende sekulêr-humanistiese klem op die outonome natuurlike rede van die mens. Van die belangrikste uitdagings vir Reformatoriese staatsfilosowe was om 'n eenheidsgrondslag te vind van waaruit die kosmos in die algemeen en die ampstruktuur van politieke maghebbers in besonder benader kon word, en 'n teoretiese verklaring van die aard en funksie van die publieke owerheidsamp as 'n sleutelaspek van die staatlike individualiteitstruktuur verskaf kan word. In hierdie bydrae word die Reformatoriese staatsfilosoof, Johannes Althusius, se klem op die ampsbehartiging van staatlike owerheidsampte krities teen die agtergrond van die ontwikkelinge van die Middeleeuse denke in dié verband beoordeel.

3. Johannes Althusius en die Middeleeuse staatsteoretiese benadering tot die owerheidsamp as staatsregtelike beginsel

3.1 Staatlike ampsbehartiging en die diensstatus van die publieke owerheidsamp

In die vroeë Middeleeue en die feodale tydperk is die publieke kompetensies van vorste as deel van hul private vermoë beskou – 'n vermoë waarmee hul na goeddunke kon handel, willekeurig daaroor kon beskik en dit selfs kon vervreem.[13] Teen die twaalfde eeu tree 'n beduidende ontwikkeling ten gunste van die politieke regeeramp as publieke diensstatus aan die lig. In sy invloedryke politieke werk, *Policraticus* (c. 1159), beskryf Johannes van Salisbury (1120-1180) die amp van politieke heersers as 'n *publieke mag* met die oog op die publieke nut wat dit vir die menslike gemeenskap inhou (*publicae utilitatis minister*).[14] Die hoedanighede van die vors is liefde vir geregtigheid, kultivering van billikheid en soeke na die voordeel van die

12 Strauss, *Philosophy. Discipline of the Disciplines*, pp. 624, 376, 449.

13 Strauss, *Philosophy. Discipline of the Disciplines*, p. 498.

14 *Policraticus*, IV, 2 (p. 31).

respublica .[15] Die politieke regeeramp is bygevolg 'n diens wat die vors aan sy onderdane lewer.[16] Johannes hou vervolgens die regering van die Lacedemoniërs en die lesse van Pythagoras van Samos as voorbeelde voor – laasgenoemde omdat hy die hele Italië deur die krag en deug van sy konstitusies gedien het.[17]

In Hugo Floriacensis se *Tractatus de Regia et Sacerdotalia Dignitate* (c. 1100-1106) word die legitieme uitoefening van koninklike gesag (*officio legitimus regis*) as diens aan die volk voorgehou met die oog op regstelling van misstappe, bevordering van billikheid en kultivering van geregtigheid.[18] Voorts word van legitieme koningskap gesê dat dit die volk in geregtigheid en billikheid lei en die belange van die Kerk beskerm (*et ecclesiam sanctam totis viribus defendere*).[19]

By Johannes Althusius word die beginsel van publieke diensverrigting 'n belangrike faset van sy staatlike ampsbeskouing. Hy onderskei tussen individue se privaat beroepsverpligtinge en die publieke diens wat deur publieke amptenare gelewer word. Die staatsowerhede verrig publieke funksies en lewer 'n diens aan die gemenebes of die stad, onderhewig aan die wet van God.[20] Die verpligtinge wat deur publieke ampsdraers verrig word dek 'n wye spektrum: "(t)he right of holding investigations, the administration of public matters both civil and ecclesiastical, the responsibility for and assignment of public duties and offices, the planning, collection, care, and expenditure of public revenues, the right of publishing laws pertaining to good order and self-sufficiency, the care of public properties, the punishment of law breakers, the censorship of customs, the management of the urban community, and other such things."[21] Die publieke diensmotief wat die ampswerk van regeringsamptenare begelei, geld oor die spektrum van ampte van stede, provinsies en die gemenebes.[22] Althusius gebruik organiese metafore om die onderliggende diensfunksie van elke deel van die politieke geheel – synde "ledemate" van die hele politieke "liggaam" – te verduidelik: "For as each member of the body was created and constructed

15 *Policraticus*, IV, 2 (p. 30).

16 *Policraticus*, IV, 3 (p. 33).

17 P*olicraticus*, IV, 5 (p. 39).

18 Hugo Floriacensis, *Tractatus de Regia Potestate et Sacerdotali Dignitate*, Boek I, hoofstuk 4 (p. 468).

19 Hugo Floriacensis, *Tractatus de Regia*, Boek I, hoofstuk 6 (p. 473).

20 Johannes Althusius, *Politics*, p. 42.

21 Althusius, *Politics*, p. 45.

22 Althusius, *Politics*, p. 79.

for its duty, and yet each and every member has the same end, namely the conservation of the whole body, so each of us has been ordained to his proper and individual role in life, but nevertheless all of us to the glory of God and the welfare of our neighbour."[23] Die diensingesteldheid van publieke ampte behoort deur die sentrale liefdesgebod gedra te word[24] Die publieke dienshoedanigheid van publieke ampte het die welsyn en instandhouding van die sosiale lewe in die oog. Althusius haal Augustinus in hierdie verband aan: "... it is necessary in civil society that one person rule the rest for the welfare and utility of both individuals and the whole group. Therefore, as Augustine says, to rule, to govern, to preside is nothing other than to serve and care for the utility of others ..."[25]

3.2 Staatlike ampsbehartiging as 'n verteenwoordigende dienshoedanigheid

Die publieke ampsidee as synde 'n verteenwoordigende dienshoedanigheid in die Middeleeuse denke was 'n belangrike stap in die ontwikkeling van die staat as regsgekwalifiseerde lewensvorm. Reeds die Konsilies van Worms en Parys (829 n.C.) het vereis dat die volk regverdiglik en billik regeer word en dat vrede en eenheid onder die bevolking in stand gehou word. Die verteenwoordigingsbeginsel in die Middeleeuse korporasiereg is mettertyd na die politieke terrein oorgedra. Die invloedryke juris, Baldus de Ubaldis (1327-1400), implementeer byvoorbeeld die juridiese verteenwoordigingsbeginsel binne die konteks van die Italiaanse stadsbevolkings van sy tyd. Die stedelike bevolkings ontvang hul magte van die volk en tree namens laasgenoemde op. Die onderliggende beginsel is dat die stedelike bevolkings soewerein is, welke soewereiniteit deur volksverteenwoordigers uitgeoefen word. In die geval van nie-soewereine sosiale entiteite word vereis dat die optrede van die verteenwoordigers deur 'n hoër gesagsinstelling bekragtig word.[26] Stadsamptenare verteenwoordig die hele stadskorporasie en handelinge in hul amptelike hoedanigheid word as handelinge van die stedelike korporasie beskou.[27] Die stadsamptenare (*antiani*) se wetgewende magte word aan die volkswil ontleen. Baldus beskou die *populus* as 'n korporatiewe entiteit onderskeie van die individuele lede daarvan – dit is die interne soewerein binne die onafhanklike stad-republiek. Die individuele stadsburgers

23 Althusius, *Politics*, p. 79.

24 Althusius, *Politic*s, p. 47.

25 Althusius, *Politics*, p. 15. Die verwysing is na Augustinus, *De Civitate Dei*, Hoofstuk XIX, 14.

26 Canning, *The Political Thought of Baldus de Ubaldis*, p. 201.

27 Canning, *The Political Thought of Baldus de Ubaldis*, pp. 201, 202.

behou egter hul posisie van onderdane in verhouding tot die *populus* as 'n korporatiewe eenheid.[28]

Synde 'n publieke dienshoedanigheid staan die publieke regeerampte in diens van die belang van die hele volk. Thomas Aquinas (oorlede 1274), in sy *De Regimine Principum,* lê die koning die plig op om die welsyn van die gemeenskap ter nastrewing van die kollektiewe deug voor oë te hou.[29] Dit was egter Aquinas se navolger, Dante Alighieri (1265-1321), wat die diensbetrekking van politieke ampsdraers by Aquinas meer prominent op die voorgrond stel: die burgery bestaan nie vir die welsyn van die regeerders nie; die regeerders vervul hul amp vir die welsyn van die individue en die hele volk. Soortgelyk word wette gemaak om die staat te pas; nie die staat om die wette te pas nie. Die onderdane wat aan wette onderworpe is, word nie regeer ter wille van die politieke regeerlui nie, maar laasgenoemde is ten dienste van die hele volk.[30] Die koning of konsul regeer oor die burgery met betrekking tot die middele van regering; met betrekking tot die doel van regering is hul die diensknegte van die burgers – in besonder die monarg wat die dienskneg van almal is.[31]

In Johannes Althusius se politieke teorie speel die beginsel van verteenwoordiging eweneens 'n belangrike rol. In die stede is die stads-owerheid die publieke regeerder van die gemeenskap en word deur die inwoners aangewys. Dié amp regeer namens hulle tot die welsyn en voordeel van die gemeenskap.[32] Voorts onderskei Althusius die amp van senatore. Tesame funksioneer hulle as wyse en eerlike mense aan wie die toesig en administrasie van die stad toegewys is. Die *collegium,* indien regmatig saamgestel, verteenwoordig die hele bevolking van die stad.[33] Dit beskik egter nie oor soveel mag, gesag en jurisdiksie as die geheel van die volk nie, tensy dit deur die reg (*lex*) of die verbond van die senaat toegeken is.[34] Op grond van die verteenwoordigingsbeginsel verklaar Althusius dat die gemenebes nie ter wille van die koning bestaan nie, maar die koning en

28 Vgl. Canning, *The Political Thought of Baldus de Ubaldis*, pp. 201-204.

29 Thomas Aquinas, *De Regimine Principum*, Boek I, hoofstuk 13: "Quia igitur vitae, qua in praesenti bene vivimus, finis est beatitudo caelestis, ad regis officium pertinet ea ratione vitam multitudinis bonam procurare, secundum quam congruit ad caelestem beatitudinem consequendam, ut scilicet ea praecipeat, quae ad caelestem beatitudinem ducunt ..."

30 Dante Alighieri, *De Monarchia*, Boek I, hoofstuk 12 (p. 24).

31 Dante, *De Monarchia*, Boek I, hoofstuk 12 (p. 25).

32 Althusius, *Politics*, p. 35.

33 Althusius, *Politics*, p. 38.

34 Althusius, *Politics*, p. 38.

elke ander publieke ampsdraer ter wille van die gemenebes regeer.[35] Omdat die volk nie self die administrasie van hul regte kan behartig nie, word die administrasie van hul regte en belange aan publieke ampsdraers opgedra.[36] Onder invloed van die Middeleeuse volksoewereiniteitsleer druk Althusius die verteenwoordigingsbeginsel in terme van die oordrag van gesag uit: "In so doing, the people transferred to them the authority and power necessary for the performance of this assignment, equipped them with the sword for this purpose, and put itself under their care and rule ... Such administrators and curators therefore represent the whole people, and their actions are considered to be actions of the community."[37] Die burgers en inwoners van die gemenebes is kollektief soos 'n minderjarige en die aangewese regeerlui soos voogde wat die geheel van die volk verteenwoordig.[38] Die regeerlui ontvang hul magte van die volk deur middel van delegasie van bevoegdhede.[39] Dié delegasie geskied met die oog daarop dat die verteenwoordigers van die volk laasgenoemde dien deur die verantwoordelikhede aan hul oorgedra na te kom en deur hul dienste en vermoëns tot voordeel van die volk aan te wend.[40] Eweneens word die volksverteenwoordigers by wyse van delegasie van bevoegdhede in staat gestel om die belange van die volk te behartig.[41] Die *collegium* van volksverteenwoordigers tree namens die universele politieke assosiasie ter beskerming van die volksbelange op.[42]

3.3 Staalike ampsinstellings as kompetensie-beperkte diensstrukture

Reeds die vroeë Christelike denke het implisiete kompetensieperke aan die magte van die amp van die koning gestel. Die Konsilies van Parys en Worms het in 829 n.C. die standpunte van Isidorus onderskryf, dat die koning slegs as eerbare regeerder kan deug indien hy regverdig, met vrees vir God en sagmoedigheid jeens sy onderdane regeer.[43] 'n Koning wat nie aan hierdie

35 Althusius, *Politics*, p. 88.

36 Althusius, *Politics*, p. 88.

37 Althusius, *Politics*, pp. 88-89.

38 Althusius, *Politics*, p. 89.

39 Althusius, *Politics*, p. 89.

40 Althusius, *Politics*, p. 89.

41 Althusius, *Politics*, p. 97.

42 Althusius, *Politics*, p. 97.

43 Kyk Constitiones Wormatienses, *Episcorum Relatio ad Imperatorem (De Persona Regali*) in G.H. Pertz, *Monumenta Germaniae Historica Leges, Tomus I.* Hannoverae: Impensis Bibliopolii Hahniani, 1835, p. 346: "Rex enim inquit a recte agendo vocatur, si enim pie et iuste et misericorditer regit, merito rex appellatur."

vereistes voldoen nie, is 'n tiran: "*Si his caruerit, non rex sed tyrannus est."* Die koning is geroepe om die volk te lei en te regeer in ooreenstemming met die vereistes van billikheid en geregtigheid, tesame met vrede en harmonie.[44] Die ampsbeperkinge wat die koning daarvan weerhou om in tirannie te verval, word in terme van 'n spesiale taak (*ministerium* oftewel opdrag) wat ten behoewe van die onderdane behartig moet word, beskryf.[45]

Ten spyte van die natuur-genade-dualisme onderliggend tot die Skolastieke samelewingsteorie, was die algemene opvatting dat sowel *regnum* as *sacerdotum* deur God ingestel is. Met beroep op Skriftekste soos Romeine 13:1 en Mattheus 22:21 is beide vorme van gesag as openbaringsgestaltes van God se wil beskou. Reeds in die elfde eeu onderskryf Gregorius VII die standpunt van die goddelike oorsprong van politieke gesag.[46] Johannes van Salisbury herlei alle politieke mag na God. Politieke regeerders is gesante van God en oefen alle politieke mag namens God uit.[47] Volgens Thomas Aquinas is die koning 'n gevolmagtigde van God omdat alle mag van God kom.[48] Die voltooier van Aquinas se *De Regimine Principum,* Ptolomaeus van Lucca (oorlede ná 1298), huldig dieselfde standpunt: "Omne dominum est Deo".[49]

Ook Johannes Althusius aanvaar die beginsel dat alle gesag van God kom. Hy vergelyk die ampsinstellings van publieke gesaghebbers by die taak en funksie van trustees of voogde wat na die belange van andere – in hierdie geval die staatsonderdane – omsien: "Just as a ward, although he is master of the things he has yielded to a guardian for care and administration, cannot act in any matter nor incur an obligation without the authority and consent of the guardian, so the people, without the authority and consent of its administrators and rectors, cannot administer the rights of the realm (*jura regni*), although it is the master, owner, and beneficiary of them. What a gaurdian rightfully does regarding the things and person of his wards, ministers of a commonwealth for the most part perform for the united

44 Pertz, Constitiones Wormatienses, p. 346: "... et populum Dei gubernare et regere cum equitate et iustitia, et ut pacem et concordiam habeant studere."

45 Pertz, Constitiones Wormatienses, p. 346: "Regale namque ministerium specialiter est populum Dei gubernare et regere ..."

46 Jaffé, *Monumenta Gregoriana*, Boek II, brief 31; Boek 3, brief 7; Boek 7, briewe 21, 23, 25.

47 Johannes Van Salisbury, *Policraticus*, IV, 1.

48 Thomas Aquinas, *De Regimine Principum*, I, 8: "Quod omnis potestas a Domino Deo est, & quod est Dei minister vindex in iram ei qui mole agit. & *in libro Sapientiae*, reges Dei esse ministri describuntur."

49 Ptolomaeus van Lucca, *De Regimine Principum*, III, 1-8.

inhabitants of the realm, together with their goods and rights."[50] Dit is veral op die pligte en verantwoordelikhede van die volksverteenwoordigers, as publieke lashebbers, wat Althusius die beginsels van trustee- en voogdyskap van toepassing maak.[51] Althusius voeg by dat die magte van diegene namens wie die koning as trustee optree, meer uitgebreid is as die magte waaroor die koning beskik.[52] Die onderdane is die opdraggewers en die koning is as't ware die "uitvoerende beampte" wat die bevele van die opdragte van die volk gehoorsaam en in wie se belang hy regeer.[53] Ter weerlegging van die staatsfilosoof William Barclay (1543-1605) – 'n voorstander van koninklike absolutisme – gee Althusius 'n uiteensetting van die effek van trusteeskap en voogdyskap wat op die skouers van die koning rus: "For the king is constituted over affairs that belong to another, namely, over the affairs of the people and universal association, the administration, direction, government, and care of which have been granted to him. He certainly is not constituted over the proprietary right (*jus proprietas*) in these affairs ... So the people or universal association constitutes the king over its affairs as director, governor and trustee, but notwithstanding under itself. This is to say that the people has committed to the king, under definite conditions and restrictions, power and authority to rule it and has retained to itself, under definite conditions, power and authority over a degenerate king."[54] Indien die koning of goewerneur dié perke oorskry, kan nie gesê word dat hy steeds oor die belange van die onderdane waak nie. Voorts kan nie verklaar word dat die onderdane aan die koning onderworpe is nie – die onderdane is kollektief bo die koning verhewe.[55] Derhalwe kan die volk die koning van sy amp onthef.

3.4 Staatlike ampsbehartiging en die regte van staatsonderdane ten aansien van die uitoefening van die bevoegdhede verbonde aan die publieke owerheidsamp

3.4.1 Die politieke plasingsreg van onderdane

Die eise van publieke geregtigheid en die algemene belang verleen aan staatsonderdane 'n reg van politieke medeseggenskap ten aansien van die wyse waarop die regeergesag uitgeoefen word. Die

50 Althusius, *Politics*, p. 89.

51 Althusius, *Politics*, p. 102. Hy verwys na Hotman se standpunt oor die toepassing van dié beginsel in Frankryk.

52 Althusius, *Politics*, p. 104.

53 Althusius, *Politica*, p. 104.

54 Althusius, *Politica*, p. 106.

55 Althusius, *Politica*, p. 106.

dialektiese spanning tussen vorm en materie in die Aristoteliese denke vind ook neerslag in die intra-staatlike Middeleeuse politieke teorie. Die vraag is naamlik welke van die owerheid of onderdane oor die hoogste gesag beskik. Die gevolg van dié spanninge was uitgebreide diskoerse oor en debatte tussen die *translatio* en *consessio*-teoretici. Die oorheersende invloed het van die volksoewereiniteits-teoretici uitgegaan, welke standpunt merendeels die reg tot skepping van die regeeramp in die hande van die volk gelaat het. Tot 'n insig in die normatiewe struktuur en funksie van politieke medeseggenskap kon die Middeleeuse Skolastici nie kom nie. Ten spyte van die dialektiese inslag van die Skolastieke denke in dié verband, en die inkleding van kiesreg as 'n soewereiniteitsvraagstuk, het die Middeleeuse denke reeds blyke gegee van die bestaan van 'n plasings-, toetsings- en bindingsreg waaroor die staatsvolk met die oog op die ampsmatige vervulling van die owerheidstaak beskik. Die volksoewereiniteitsleer bereik in die Middeleeuse staatsfilosofie sy mees genuanseerde uitdrukking in Nicolaus van Cues (1401-1464) se *De Concordia Catholica,* Boek 2, hoofstukke 12 en 13; Boek 3, hoofstukke 4 en 41.[56] Volgens Cues – hoewel steeds 'n navolger van Aristoteles – kom alle aardse mag van God.[57] Die volkswil bring die goddelike oorsprong van die mag om te regeer na vore.[58] Die jurisdiksionele en administratiewe mag vloei uit die volkswil voort.[59] Die besluit van die meerderheid dra die mag aan die regeerampte oor vir sover die meerderheidswil sowel 'n willekeurige as 'n noodwendige element bevat: die volk het naamlik 'n keusevryheid met betrekking tot die plasing van regeerders in amp, maar gee terselfdertyd uitdrukking aan die noodsaak van sulke ampte om die voortbestaan van die mensheid te verseker.[60] Alle mag waaroor politieke heersers beskik spruit uit die willekeurige onderwerping aan en instemming met die algemene wil voort. Aanwysing deur die algemene wil skep 'n publieke persoon in die vorm van die regeerder. Deur homself as skepping van die volksgeheel te erken, word hy die regeerder van die onderskeie komponente van die volk. Die wetgewende gesag van regeerders vloei uit die

56 Stumpf, *Die politischen Ideen des Nicolaus von Cues*, p. 97.

57 Scharpff, *Der Kardinal und Bischof Nicolaus von Cusa*, p. 42.

58 Stumpf, *Die politischen Ideen des Nicolaus von Cues*, p. 22; Scharpff, *Der Kardinal und Bischof Nicolaus von Cusa*, p. 35.

59 Stumpf, *Die politischen Ideen des Nicolaus von Cues*, p. 33.

60 Stumpf, *Die politischen Ideen des Nicolaus von Cues*, p. 33; Scharpff, *Der Kardinal und Bischof Nicolaus von Cusa*, p. 35.

instemming van diegene wat aan die wetgewing onderworpe is.[61] Die regeerder is ook aan dié wette gebonde en hy ontvang sy jurisdiksie en administratiewe mag binne die trefwydte van sy mandaat.[62] Die jurisdiksie en administrasie van die regering is onderworpe aan die toesig van die volk.[63] Indien die regeerder sy magte oorskry, beskik die volk oor die bevoegdheid om hom te verhoor en uit sy amp te onthef. Die onvervreembare regte waaroor die volk in dié verband beskik, word deur die wet van God en die natuurreg verleen.[64] God het naamlik nie die mens tot slawerny, maar tot vryheid bestem – vir welke doel owerhede en vorste aangewys word.[65]

Die insig dat die owerheidsamp 'n struktuurelement van die intra-ordelike bouplan van die staat is, ontbreek egter by Nicolaus van Cues vir sover 'n onoplosbare spanning tussen die wetsy en die subjeksy van die staatstruktuur bestaan. Die tipies-wetlike aard van die staatlike ampstruktuur moet telkens swig voor die volkswil wanneer laasgenoemde met die owerheidswil in botsing kom. Bygevolg bestaan daar nie 'n normatiewe raamwerk waarbinne die heersers- en volkswil, wat in die intra-ordelike staatstruktuur saamgevoeg is, tot die normatiewe terrein van elk beperk word nie. Voorts verhoed die oorbeklemtoning van die subjeksy van die staat dat die volkswil tot 'n tipies-normatiewe plasingsreg van staatsonderdane beperk word. Dit verhoed egter nie dat die onderdane se kiesreg as 'n staatlike en politieke skeppingsreg vertolk word nie.

Volgens Johannes Althusius beskik die onderdane oor die fundamentele politieke reg om persone tot publieke ampte te verkies en sodanige regeerders in publieke ampte aan te wys. Die politieke vryheid waaroor onderdane beskik word deur Althusius beskryf as synde geen verpligting teenoor enige persoon met betrekking tot die opvolging en voortsetting van die regeergesag en administrasie van die gemenebes, "but upon the death of the last supreme magistrate as administrator of the commonwealth, it regains its authority (*jus*) undiminished, which it can transfer to any other person whatever

61 Stumpf, *Die politischen Ideen des Nicolaus von Cues*, p. 33; Scharpff, *Der Kardinal und Bischof Nicolaus von Cusa*, p. 33.

62 Stumpf, *Die politischen Ideen des Nicolaus von Cues*, p. 35; Scharpff, *Der Kardinal und Bischof Nicolaus von Cusa*, p. 34.

63 Scharpff, *Der Kardinal und Bischof Nicolaus von Cusa*, p. 34.

64 Stumpf, *Die politischen Ideen des Nicolaus von Cues*, p. 22.

65 Scharpff, *Der Kardinal und Bischof Nicolaus von Cusa*, p. 34.

according to its own preference."[66] Die vrye besluitnemingsreg van die onderdane is egter gebonde aan die voorwaardes waartoe die volk hulself ingevolge die staatsregtelike grondnorme (*leges fundamentales*) van die gemenebes verbind het.[67] Ingevolge dié grondnorme mag die onderdane hulself die verpligting oplê om persone van bepaalde afstamming te verkies. Althusius noem die voorbeelde van Israel in Bybelse tye en die praktyk ter aanwysing van die Keiser in Duitsland.[68]

Verkiesing van verteenwoordigers in publieke ampte, speel 'n belangrike rol in Althusius se staatsteorie. Vir doeleindes van regering van die stede word senatore byvoorbeeld deur 'n senatoriale *collegium*, of deur spesifieke persone wat deur die gemeenskap vir dié doel aangewys is, verkies. Die verkiesingsisteme van stede verskil onderling – in sommige gevalle bestaan 'n stelsel van gekwalifiseerde verkiesingsreg.[69] By aanwysing en plasing van volksverteenwoordigers in amp, word sodanige verteenwoordigers verkies met die oog op die bestuur, regering en behoud van die politieke gemeenskap.[70] By plasing van dié ampsdraers in amp, geskied hul ampsvulling onderhewig aan bepaalde wette en voorwaardes, die sorg vir regering en administrasie van die regte (*jura*) van die gemenebes, en verbind die volksverteenwoordigers deur middel van ampseed tot publieke ampsbehartiging.[71]

By Althusius staan die formulering van die onderdane se politieke plasingsreg eweneens sterk onder invloed van die volksoewereiniteitsteorie – selfs die swaardmag-funksie van die publieke gesagsampte is nie 'n inherente beginsel wat tot die staat se strukturele aard behoort nie, maar word van volksweë aan die publieke gesaghebbers oorgedra: "In so doing, the people transferred to them the authority and power necessary for the performance of the assignment, equipped them with the sword for this purpose, and put itself under their care and rule."[72] Die verkiesing van volksverteenwoordigers geskied deur die hele volk. Die prosedures

66 Althusius, *Politics*, p. 124.

67 Althusius, *Politics*, pp. 124-125.

68 Althusius, *Politics*, p. 125.

69 Althusius, *Politics*, p. 38.

70 Althusius, *Politics*, p. 87.

71 Althusius, *Politics*, p. 88.

72 Althusius, *Politica*, p. 88.

waarvolgens die plasingsreg uitgeoefen word, mag egter verskil volgens die gebruike van volke onderling.[73]

Wat die hoogste regeeramp in die gemenebes betref, behels die plasingsreg van die onderdane eerstens die verkiesing van die persoon wat die amp moet behartig. Indien die aangewese regeerder instem tot die voorwaardes vir sy verkiesing, volg sy inhuldiging.[74] Die verkiesing vind plaas volgens die gevestigde staatsregtelike praktyke van die land – in sommige gevalle behels dit bloot die bevestiging van 'n opvolger ingevolge lang bestaande gebruike.[75] Hoewel die politieke plasingsreg van onderdane 'n fundamentele beginsel is, laat die konkretisering (oftewel positivering) ruimte vir verskillende vorme. Die verkiesing van die hoogste gesagsdraer geskied deur volksverteenwoordigers van die gemenebes.[76] Hoewel die beginsel van 'n plasingsreg ten aansien van die hoogste regeergesag geld, laat Althusius ruimte vir verskille in politieke kulture wat van een gemenebes na die ander mag wissel.[77] Die volksverteenwoordigers se reg op aanwysing van die hoogste regeergesag in die gemenebes, geskied ooreenkomstig die staatsregtelike grondnorme wat in die *lex fundamentalis* beliggaam is: "For under this law the universal association has been constituted in the realm. This law serves as the foundation, so to speak, of the realm and is sustained by the common consent and approval of the members of the realm. By this law all the members of the realm have been brought together under one head and united in one body. It is indeed called the pillar of the realm."[78]

3.4.2 Die politieke bindingsreg van onderdane

Die beginsel dat die politieke gesag staatsregtelik aan fundamentele norme gebind behoort te word ten einde willekeurige gesagsuitoefening en magsmisbruik te verhoed – soms ook *leges fundamentales* genoem – kom reeds in die elfde eeu by Manegold van Lautenbach (oorlede ná 1085) na vore.[79] Volgens Manegold vereis die oordrag van gesag deur die volk dat – met die oog op behoud van hul vryheid – die volk

73 Althusius, *Politics*, p. 97.

74 Althusius, *Politics*, p. xxvi.

75 Althusius, *Politics*, p. xxvi.

76 Althusius, *Politics*, p. 118.

77 Althusius, *Politics*, p. 118.

78 Althusius, *Politics*, p. 123.

79 W. Giesebrecht, *Sitzungsberichte*, pp. 297 e.v.

'n verdrag (*pactum*) met die politieke gesaghebbers sluit. Koningskap is nie 'n natuurlik-begronde instelling nie maar 'n amp deur die volk geskep. Dié amp word deur die volk op spesifieke kontraktuele voorwaardes aan die koning verleen.[80] Die regeerkontrak verskil in beginsel nie van ander kontrakte nie: "If one should engage a man for a fair wage to tend swine, and he finds means not to tend but to steal them, would one not remove him from his charge? ... Since no one can create himself emperor or king, the people elevates a certain one person over itself to this end, that he govern and rule it according to right reason, give to each his own, protect the good, destroy the wicked, and administer justice to every man. But if he violates the contract under which he was elected, disturbing and confounding that which he was established to set in order, then the people is justly and reasonably released from its obligation to obey him."[81]

Teen die einde van die dertiende eeu aanvaar Engelbert van Volkersdorf (1250-1311) dat alle politieke regering en die mag van staatlike regeerders (*regna et principatus*) uit 'n *pactum subiectionis* wat met volk gesluit word, voortvloei.[82] In die geledere van die voorstanders van volksoewereiniteit word die sluiting van die kontrak deur die volk om regeer te word, merendeels as oordrag van die *ius humanum* as *ius populi* deur die *populus* tesame met die *imperium* aan die Keiser oorgedra.[83] Manegold se argument ten gunste van 'n reg waaroor die staatsonderdane beskik om die regeergesag aan die beginsels van geregtigheid en die algemene belang te bind, dien as aanknopingspunt vir Engelbert van Volkersdorf se begronding van die staat, publieke ampte en politieke regering in 'n kontrak van onderwerping (*pactum subiectionis*) ten einde regeer, beskerm en bewaar te word. By Engelbert oorskry die sosiale kontrak egter die perke van 'n blote bindingsbeginsel om te verhoed dat die publieke regeergesag die fundamentele grondnorme van die staat oortree. Dit word die oorsprong en grondslag van die hele politieke orde – insluitend die staat as politieke liggaam.[84] By Johannes van Parys (oorlede 1306) kom die eerste spore van die latere humanistiese sosiale kontrak-teorieë van die Verligtingsera na vore. Hy onderskei

80 M. Lessnoff (red.), *Social Contract Theory*, p. 5.

81 Lessnoff, *Social Contract Theory*, p. 5.

82 Engelbert van Volkersdorf, *De Ortu*, Hoofstuk 2.

83 Willem van Ockham, *Dialogus*, Boek III, hoofstuk 4.

84 Kyk Lessnoff, *Social Contract Theory*, p. 7.

in beginsel tussen die ooreenkoms ingevolge waarvan die burgerlike samelewingsorde tot stand kom en die ooreenkoms ingevolge waarvan die mag om te regeer aan die vors oorgedra word.[85] Op dié tema bou Aeneas Sylvius (Piccolomini) (1405-1464) (vanaf 1458 Pous Pius II) voort deur die postulering van 'n natuurlike toestand wat tot die instelling van 'n burgerlike orde lei. Vanweë nie-nakoming van dié burgerlike ooreenkoms onstaan die noodsaak om 'n regeergesag aan te wys om skending van die burgerlike ooreenkoms te verhoed.[86]

Althusius se afkeur van tirannieke en outoritêre optrede van publieke ampsdraers, vind neerslag in sy teorie van grondwetlike beperkings op die misbruik van politieke mag. Dié begaandheid spruit uit sy kommer dat dié tipe optrede deur vorste daartoe mag lei dat die strukturele doelwitte van die politieke gemeenskap nie bereik word nie. Althusius formuleer institusionele beperkings op die ampsbehartiging van publieke gesaghebbers met die oog op verwesenliking van effektiewe simbiose. Dié beperkings beoog die versekering van regmatige regering binne die politieke gemeenskap om – tot die mate wat dit nodig mag wees – outoritêre heersers uit hul amp te verwyder en regmatige gesagsuitoefening te bevorder.[87]

Die politieke gemeenskap word deur ooreenkoms saamgebind.[88] Dié ooreenkoms berus op konsensus oor die aangeleenthede, dienste en gemeenskaplike regte (*jura*) waarop die politieke gemeenskap gegrondves is.[89] Die ooreenkoms waarop die politieke gemeenskap gegrondves is, is die kulminasie van die verbondsmatige aard van sowel private as publieke assosiasies. Die verbondsmatige aard van private assosiasies beskryf Althusius as "a special covenant (*pactum*) among the members for the purpose of bringing together and holding in common a particular interest (*quid peculiare*). This is done according to their agreement and way of life, that is, according to what is necessary and useful for organized private symbiotic life."[90] In die geval van *collegia* verenig minstens drie kollegas ten einde effektiewe funksionering van die *collegium* moontlik te maak.[91] Die

85 Johannes van Parys, *Tractatus de Regia Potestati et Papali*, hoofstuk I, pp. 142-224.

86 Aeneas Sylvius, *De Ortu et Auctoritate Imperii Romani*, pp. 314-328.

87 Althusius, *Politics*, p. xx.

88 Althusius, *Politics*, p. 13.

89 Althusius, *Politica*, p. 14.

90 Althusius, *Politics*, p. 22.

91 Althusius, *Politics*, p. 29.

kollegas van elke *collegium* word ingevolge die verbonde en wette (*patca et leges*) van elke *collegium* aan die spesifieke doelwitte van dié assosiasievorme gebind.[92] Die verbondsmatige inslag van die politieke gemeenskap blyk ook uit die feit dat die gemenebes deur 'n assosiasie-verbond saamgebind word, synde "a tacit or expressed promise to communicate things, mutual services, aid, counsel, and the same common laws (*jura*) to the extent that the utility and necessity of universal social life in a realm shall require".[93] Soos die geval by ander assosiasievorme, sê Althusius, is vertroue die grondslag van die menslike samelewing.[94]

Die vors wat deur die volk in sy amp geplaas word, is die gevolmagtigde, administrateur en beskermer van die regte waaroor die onderdane beskik.[95] Dié administrasie is deur 'n verbond (*precarium*) aan die vors opgedra.[96] Die ooreenkoms wat deur die staatsvolk met die vors gesluit word, neem die vorm aan van 'n verbond of kontraktuele mandaat (*contractum mandati*), dit bind beide kontrakpartye en geen van die twee partye beskik oor die bevoegdheid om dit eensydig te herroep nie.[97] In dié wederkerige kontrak tussen die vors (as saakgelastigde) en die universele politieke gemeenskap (as opdraggewer) geniet die verpligtinge van die vors voorrang soos gebruiklik by kontraktuele mandate van dié aard.[98] Die vors bind homself aan die universele publieke assosiasie om die belange van die gemenebes te behartig. Uit die aard van die mandaat spruit die verpligting van die volk. Ingevolge dié verpligting bind die volk sigself ter nakoming van gehoorsaamheid aan en nakoming van fundamentele verpligtinge teenoor die vors wat die gemenebes in ooreenstemming met voorgeskrewe wette moet behartig.[99] Die vors beskik slegs oor sodanige kompetensies (*jus*) as wat uitdruklik deur die assosiërende lede van die gemenebes aan hom verleen word. Ingevolge sy kontraktuele mandaat beskik die vors nie oor geïmpliseerde bevoegdhede benewens dié wat uitdruklik in

92 Althusius, *Politics*, p. 29.

93 Althusius, *Politics*, p. 62.

94 Althusius, *Politics*, p. 62.

95 Althusius, *Politics*, p. 5.

96 Althusius, *Politics*, p. 5.

97 Althusius, *Politica*, p. 116.

98 Althusius, *Politics*, p. 116.

99 Althusius, *Politica*, p. 116.

die kontrak gestipuleer is/word nie.[100] Die kompetensie-beperkende inhoud van die kontraktuele mandaat waaraan die vors gebonde is, beoog om outoritarisme en tirannie te verhoed: “For power is secure that places a control upon force, that rules willing subjects, and that is circumscribed by laws, so that it does not become haughty and engage in excesses to the ruin of the subjects, nor degenerate into tyranny ... Absolute power, or what is called the plenitude of power, cannot be given to the supreme magistrate.”[101] Toeëiening van absolute mag negeer die beperkings wat menslike samelewing moontlik maak; geregtigheid word ongedaan gemaak; die welsyn van die onderdane word deur private genotsug vervang en lei tot allerlei euwels.[102]

Die voorwaardes van die mandaat-kontrak wat die vors bind, is beliggaam in die voorskrifte van die Dekaloog, die fundamentele wette van die gemenebes en die voorwaardes waaraan die vors homself by sy verkiesing verbind het, en waaraan hy homself ná sy verkiesing met ’n eed verbind het.[103] Die politieke gemeenskap (oftewel gemenebes) vertoon dus ’n verbondsmatige struktuur.[104] By verbreking van sy verpligtinge ingevolge dié kontrak, verloor die vors alle bindende gesag.[105] Vervolgens verwys Althusius na verskeie voorbeelde van sulke ooreenkomste.[106] Die kontrak tussen die volk en die vors word namens die volk deur die volksverteenwoordigers gesluit en bevat twee aspekte: eerstens, die onderwerping van die gemenebes en die administrasie daarvan aan die regeerder; tweedens, die verpligting tot gehoorsaamheid en nakoming van hul verpligtinge deur die volk.[107] Die toesegging van die gemenebes aan die vors is ’n proses ingevolge waarvan die volksverteenwoordigers, namens die volk, die gemenebes aan die gesag van die vors onderwerp.[108] Dit geskied deur twee handelinge: eerstens die verkiesing van die vors, en tweedens, sy inhuldiging of aanstelling.[109] Die verkiesing van die

100 Althusius, *Politica*, p. 116.

101 Althusius, *Politics*, p. 116.

102 Althusius, *Politics*, p. 117.

103 Althusius, *Politics*, p. 117.

104 Althusius, *Politica*, p. 117.

105 Althusius, *Politica*, p. 117.

106 Althusius, *Politica*, pp. 117-118.

107 Althusius, *Politica*, p. 118.

108 Althusius, *Politica*, p. 118.

109 Althusius, *Politics*, p. 118.

vors geskied deur die volksverteenwoordigers as kollektiewe liggaam. By hierdie verkiesing, namens die volk as lasgewer, word die wette en voorwaardes met betrekking tot onderwerping, sowel as die vorm en wyse van toekomstige regering aan die voorgestelde kandidaat as lashebber voorgehou. Indien hy dié wette aanvaar en by wyse van eed aan die volk onderneem om dit na te kom, is die verkiesing afgehandel en tree die wedersyds bindende kontraktuele voorwaardes in werking.[110] Die voorwaardes en wette van onderwerping, sowel as die vorm, wyse en perke van die verleende bevoegdhede aan die vors, word in die openbaar gelees en deur die volksverteenwoordigers aan die verkose vors voorgehou.[111] By die verkiesing van die vors moet die fundamentele norme van die gemenebes (*lex fundamentales regni*) in ag geneem word. Ingevolge dié norme kom die politieke gemenebes tot stand: "This law serves as the foundation so to speak, of the realm and is sustained by the common consent and approval of the realm. By this law all the members of the realm have been brought together under one head and united in one body. It is indeed called the pillar of the realm."[112]

Die fundamentele grondnorme, voeg Althusius by, is niks anders as bepaalde verbonde (*pacta*) ingevolge waarvan stede en provinsies hulself onderling verbind om 'n gemenebes op te rig en mekaar te verdedig, binne dieselfde politieke orde saam te werk, te beraadslaag en wedersydse hulp te verleen.[113] Indien die gemeenskaplike ondersteuning van dié verbonde en stipulasies onttrek word, hou die gemenebes as sodanig op om te bestaan, tensy sodanige wette deur gemeenskaplike instemming verwerp en beëindig word en nuwe fundamentele wette neergelê word sonder benadeling van die gemenebes.[114] Althusius onderskryf Lambert Daneau (1530-1596) se onderskeid tussen die fundamentele wette en soewereiniteitsregte: 'n gemenebes kan opgerig word en voortbestaan sonder dié fundamentele wette; sonder soewereiniteitsregte kan geen gemenebes egter opgerig word, of indien dit reeds bestaan, vir die nageslag bewaar word en op lange duur aan volgende geslagte nagelaat word nie.[115]

110 Althusius, *Politics*, p. 119.

111 Althusius, *Politics*, p. 119.

112 Althusius, *Politics*, p. 123.

113 Althusius, *Politics*, p. 123.

114 Althusius, *Politics*, p. 123.

115 Althusius, *Politics*, p. 123.

3.4.3 Die politieke toetsingsreg van onderdane

Die Middeleeuse staatsfilosofiese diskoers het vir 'n groot deel gewentel om die vraag tot welke mate die *Lex Regia,* 'n onherroeplike oordrag van mag vanaf die volk na die Keiser behels. Enersyds het juriste soos Baldus de Ubaldis (1327-1400) die standpunt gehuldig dat die *populus Romanus* nie oor die bevoegdheid beskik om die Keiser uit sy amp te onthef nie en dat die oordrag van mag vanaf eersgenoemde na laasgenoemde 'n *translatio* van regsmag (*alienato pleno iure*) behels. Andersyds was Paulus de Castro (oorlede 1441) van mening dat die volk 'n toegewing (*consessio*) vir die gebruik (*usus*) van die regeermag maak, dat dié toegewing nie 'n *translatio* van die substansie (*substantia*) van die politieke mag behels nie en dat met Christus se koms na die wêreld die kerk die plek van die volk oorgeneem het.[116]

Vir sover daar in die Skolastieke staatsfilosofie van 'n politieke toetsingsreg sprake was, is dit verwring deur die postulering van 'n dilemma tussen heersersoewereiniteit en die soewereiniteit van die volk. Thomas Aquinas poog om dié spanning te oorbrug deur op historistiese wyse soewereiniteit soms by die volk, soms by die monarg te onderskei, afhangend van die grondwetlike bedelings in verskillende state.[117] Gevolglik is soewereiniteit 'n pragmatiese aangeleentheid – 'n praktiese politieke reëling – wat nie by die prinsipiële aard van die staat inbegrepe is nie: "A law, properly speaking, regards first and foremost the order to the common good. Now to order anything to the common good, belongs either to the whole people, or to someone who is the viceregent of the whole people. And therefore the making of a law belongs either to the whole people or to a public personage who has care of the whole people: since in all other matters the directing of anything to the end concerns him to whom the end belongs."[118]

Volgens Althusius se politieke teorie behels die toetsingsreg van die volk die fundamentele vryheid ter bepaling van die vraag of die regeerder in ooreenstemming met die eise van regverdige administrasie van die gemenebes handel, ooreenkomstig die grondwetlike grondnorme

116 Canning, *The Political Thought of Baldus de Ubaldis*, p. 150.

117 Thomas Aquinas, *Summa Theologica*, I, I, q. 90, a3: "ordinare aliquid in bonum commune est vel totius multitudinis vel alicuius gerentis vicem totius multitudinis; et ideo condere legem vel pertinet ad totam multitudinem, vel pertinet ad personam publicam, quae totius multitudinis curam habet". Kyk ook *Summa Theologica*, II, I, q. 97, a 3.

118 Thomas Aquinas, *The Summa Theologica*, II, I, q. 90 a 3.

optree en die algemene belang bevorder.[119] Vir sover die heerser die publieke administrasie verwaarloos, in stryd met die staatsregtelike grondnorme optree en die burgerlike samelewing ondermyn, mag sodanige optrede op tirannie neerkom.[120] Tirannieke administrasie van die gemenebes neem twee vorme aan: Enersyds mag die heerser se ampsversuim en -vergrype die omverwerping en vernietiging van dié fundamentele norme van die gemenebes behels; andersyds mag sy administrasie van funksies en aangeleenthede wat die publieke assosiasie raak, geskied op 'n wyse wat met die eise van godsdienstigheid en geregtigheid in stryd is.[121] Die eerste geval betref optrede waardeur die hoogste regeergesag die fundamentele norme van die gemenebes oortree, verander of omverwerp.[122] Die tweede groep handelinge is dié waar die heerser sy trouverhouding met die politieke gemeenskap verbreek, sy eed veronagsaam en die volksverteenwoordigers in die uitvoering van hul pligte belemmer.[123] Die tweede kategorie van tirannieke optrede kan van 'n algemene of spesifieke aard wees. Algemene tirannie manifesteer in erge gevalle van plundering, omverwerping of ondermyning van die gemenebes indien die vors absolutistiese mag vir homself toe-eien en die gemeenskaplike politieke bande wat die gemenebes saambind, aantas.[124] Skending van die regeervoorwaardes deur die politieke heerser verleen aan die onderdane die reg om hom van sy amp te onthef. Verset teen die politieke regeergesag kom egter slegs die volksverteenwoordigers toe. Sodanige verset is die proses waardeur die volk die tirannie van die vors deur woord en daad stuit.[125] In gevalle waar die vergrype van die vors onherstelbaar is of die regte (*jura*) van die politieke assosiasie (oftewel gemenebes) nie andersins behoue kan bly, beskerm kan word en in 'n goeie toestand bewaar kan word of die gemenebes van dié euwel verlos kan word nie, mag hy deur die volk uit sy amp onthef en uit hul midde verdryf word.[126] Die toetsingsreg van die onderdane en desnoodse verset teen tirannie

119 Kyk Althusius, *Politics*, p. 186.

120 Althusius, *Politics*, p. 186.

121 Althusius, *Politics*, p. 186.

122 Althusius, *Politics*, p. 186. Hy verwys na voorbeelde in die Bybelse geskiedenis: 2 Konings 11:2 en 2 Kronieke 23.

123 Althusius, *Politics*, p. 186.

124 Althusius, *Politics*, p. 186.

125 Althusius, *Politics*, p. 187.

126 Althusius, *Politics*, p. 187.

vereis 'n publieke solidariteit by onderdane: "Therefore, each and all ought to move quickly against a tyrant as against a common fire, and eagerly carry water, scale the walls, and cofine the flame so that the entire commonwealth does not burn."[127]

Althusius gee 'n uitgebreide beskrywing van die stappe aan die hand waarvan die volksverteenwoordigers teen tirannie moet optree: "To make such tyranny publicly acknowledgement and recocnized it is necessary that the optimates of the realm call a council and assemble a general meeting of all orders of the people, and that they therein undertake to examine and judge the activities and deeds of the tyrant. If there are no ephors, then public defenders and deliverers should be constituted *ad hoc* by the people itself."[128] Indien die vergrype van die vors dermate gevestig is dat, ten spyte van vermanings deur volksverteenwoordigers, hy in sy optrede volhard, behoort aanvanklik minder drastiese stappe oorweeg te word. Indien sodanige stappe geen effek het of waar die onregmatige optrede toeneem, mag die volk verdere stappe neem deur die outoritêre vors direk te konfronteer ten einde te verhoed dat die vergrype onomkeerbaar of onoplosbaar word.[129] Omdat private individue nie oor die swaardmag (*usus et jus gladii*) beskik nie, het individue nie die reg om outoritêre of tirannieke vorste om die lewe te bring nie.[130]

3.5 Publieke ampte is deel van die individualiteitstruktuur van die staat as 'n publieke territoriaal-begrensde regsverband

Hoewel uiteenlopend gemotiveer, was die regsgebondenheid van die staatsowerheid nie onbekend aan die Middeleeuse politieke denke nie. Die nalewing van die Platoons-Aristoteliese beskouing van die reg as 'n faset van 'n meta-etiese deugdelikheidsbeskouing, het egter die vergeldingsin van die reg as kwalifiserende modaliteit van die staatstruktuur dermate verduister dat die taak van die politieke ampsdraers by uitstek as 'n etiese aangeleentheid beskou is. Dié meta-etiese doelstelling in die staat het tot gevolg gehad dat die binding van die owerheidsgesag aan die reg, as 'n persoonlike keuse van die vors vertolk is. In 'n poging om die regmatigheidsvereiste wat op die vors van toepassing is, as blote formalistiese wetsnakomings te verhoed, verwys

127 Althusius, *Politics*, p. 188.

128 Althusius, *Politics*, p. 189.

129 Althusius, *Politics*, p. 189.

130 Althusius, *Politics*, p. 190.

Engelbert Volkersdorf na die koning as die lewende wet (*lex animata*).[131] Die koning is aan sowel die geskrewe as ongeskrewe reg gebind.[132] Die vors as *lex animata* kan die grondliggende regsbeginsels met verrekening van die konkrete gevalle waarop dit betrekking het, toepas, terwyl die koning as *lex inanimata* bloot aan die starre uiterlike vorm van die reg verkneg is.[133] Engelbert se standpunt gee reeds blyke van 'n regsprinsipiële benadering in plaas van 'n formalisties-regspositivistiese ingesteldheid. In sy *De Ortu* tref hy reeds 'n wesenlike onderskeid tussen vorstelike magsheerskappy en die koninklike onderwerping aan die reg.[134]

Die klem op die persoonlike heerskappy van die vors, die vorstelike beskikking oor die publieke bates as private beskikkingsreg en die hiërargiese sosiale denke wat uit die Griekse filosofie van vorm en materie in die Skolastieke staatsfilosofie voortgeleef het, was wesenlike struikelblokke in die ontwikkeling van die gelding van die reg as kwalifiserende funksie van die staatsverband. Die gevolg van dié spanninge in die Middeleeuse politieke filosofie het 'n inherente konflik tussen die vorstelike kompetensies en die onderdane se reg om die vors aan die eise van publieke geregtigheid en die handhawing van die algemene belang te bind, geskep. Die gevare van vorstelike absolutisme, totalitarisme en revolusie was immer in die Skolastieke politieke denke teenwoordig.

Volgens Althusius lei die verbreking van die voorwaardes van die kontrak tussen volk en vors tot vernietiging van die kontrak. Ongehoorsaamheid van die volk, nie-nakoming van die vereistes en verpligtinge tydens die verkiesing en instelling van die vors deur die volk by monde van die volksverteenwoordigers afgelê, verleen aan eersgenoemde die reg om dié troubreuk van die volk as ongehoorsaamheid, rebellie en sedisie te straf.[135] Nie-nakoming van die kontraktuele voorwaardes deur die vors deur nie sy woord gestand te doen of versuim om die gemenebes in ooreenstemming met sy beloftes te administreer, verleen die gemenebes, deur die volksverteenwoordigers, die reg om die vors te straf vir die verbreking van die voorwaardes en sy troubreuk.[136] Die volk beskik oor die reg om die vorm van die eertydse gemenebes te verander en 'n nuwe politieke gemeenskap

131 *De Ortu*, Hoofstuk 16 (p. 88).

132 *De Regimine Principum*, Hoofstuk 16 (p. 88).

133 *De Regimine Principum*, Hoofstukke 10-11, 16.

134 *De Ortu*, Hoofstuk 16 (p. 88). Die ware vors is die "lewende wet": "Ergo *lex animata*, quae est Rex ..."

135 Althusius, *Politics*, p. 129.

136 Althusius, *Politics*, p. 129.

tot stand te bring.[137] In beide gevalle word die kontrak regtens opgehef. In die eerste geval sou die reg van die volk om as onderdane behandel te word verval asook die vors se ondernemings teenoor die volk. In die tweede geval sou die aanspraak van die vors op gehoorsaamheid verdwyn en die volk die reg hê om eersgenoemde as 'n verbondsverbreker te behandel, hom as 'n private persoon sonder amp te beskou en nie gehoorsaamheid jeens hom hoef te bewys nie.[138] Die vors sou gevolglik van sy amp onthef kon word. Omdat die vors, volgens Bartolus de Sassoferato (1314-1357), as 'n lewende wet beskou word, sou hy deur sy wet – synde sy eie bevele – veroordeel staan.[139] Bygevolg word 'n tiran nie as 'n lewende wet beskou nie.[140] Elders beklemtoon Althusius die regsgesag wat die vors bind. Sodanige regsbinding is, volgens Althusius, nie strydig met die magte of vryhede van die vors nie.[141]

Die regsgebondenheid van die politieke maghebbers lê opgesluit in die voorwaardes van die mandaat-kontrak wat tussen die volk en die vors gesluit word. Die staatsregtelike grondnorme (*leges fundamentales regni*) vorm die grondslag van die regsgebondenheid van die vors: ingevolge dié *lex fundamentales regni* kom die politieke gemeenskap tot stand.[142] Deur die *lex fundamentales regni* vervolgens as verbond te beskryf, word die vergeldingsin van die reg as kwalifiserende modaliteit van die staatstruktuur egter verduister en van die wilsooreenstemming van die partye afhanklik gestel. By implikasie verval die regsaard van die politieke gemeenskap by verbreking van die kontrak-voorwaardes tussen vors en die volk. Dit impliseer voorts dat by verval van die regsvoorwaardes van die mandaat-kontrak die volk hulself buite die reg mag stel, verset teen die vors – wat vervolgens as private persoon funksioneer – mag pleeg, met die verdere implikasie dat buitegeregtelike geweld teen die persoon van die vors veroorloof word. Bygevolg verkeer die gemenebes dan in 'n reglose toestand waar eierigting 'n wesenlike moontlikheid is. Voorts impliseer dit dat outoritêre optrede van die vors buite die perke van regstaatlikheid hanteer word, wat tot 'n spiraal van geweld in die politieke orde kan lei. Nie alleen die regsvoorwaardes van die mandaat-kontrak word opgehef nie, maar die reg as integrasie en harmonisering van al die regsbelange in die politieke gemeenskap word in die weegskaal geplaas. Voorts mag toe-eiening van die swaardmag deur die

137 Althusius, *Politics*, p. 129.

138 Althusius, *Politics*, p. 129.

139 Althusius, *Politics*, p. 129.

140 Althusius, *Politics*, p. 129.

141 Althusius, *Politics*, p. 196.

142 Althusius, *Politics*, p. 123.

volk tot dieselfde buitensporighede lei as wat die Franse Revolusie ongeveer honderd jaar later opgelewer het.

Waarskynlik het Althusius self nie die moontlikhede van so 'n voorwaardelike geldingsin van die reg in sy regs- en staatsteorie voorsien nie. Die belangrikste rede vir dié gebrek in sy staatsleer spruit waarskynlik uit sy onvoldoende verrekening van die vergeldingsin van die juridiese modaliteit. Alhoewel Althusius sterk klem op die regsgebondenheid van die publieke owerheidsampte laas, verval hy in 'n toutologiese sinbeskrywing van die reg: die materiële aard van die reg is afhanklik van die juridiese grondnorme en van 'n privaatregtelike regsfiguur in die vorm van 'n kontrak, welke regsvorm sy geldingsin aan die reg as sinmodaliteit ontleen.

4. Samevatting

By gebrek aan geïndividualiseerde state, het die Middeleeuse landsowerhede nie oor uitsluitlike swaardmag-kompetensies binne hul onderskeie territoriale gebiede beskik nie. Die ongedifferensieerde stede en die feodale landsowerhede het as mindere (of volks-) owerhede oor swaardmag-kompetensies beskik. Die kultuur-historiese integrering van die uiteenlopende regsbelange van die versplinterde gesagsinstellings in die Middeleeuse samelewing, gepaard met die erkenning van regspersoonlikheid van die Middeleeuse stede, het die weg vir geïndividualiseerde staatstrukture voorberei. Tydens die Middeleeue het dit egter nie tot die instelling van sodanige geïndividualiseerde state met regspersoonlikheid gekom nie. Die ontwikkeling van geïndividualiseerde burgerlike regstate sou eers tydens die epog van die Reformasie en die Renaissance-tyd 'n aanvang neem. Die Reformatoriese staatsfilosoof, Johannes Althusius, sou tot die ontwikkeling van die burgerlike regstaat op Christelike grondslag 'n belangrike bydrae lewer.

Vir Althusius kry die tydelike werklikheid sy orde-beslag in afhanklike onderworpenheid aan die wetsorde van God. Dit behels voorts dat die normatiewe struktuur van die geïndividualiseerde lewensvorme in die wetsorde van die skeppingstruktuur gegee is. Die wetmatige "bouplan" van huwelik, gesin, kerk en staat vertoon elk argitektoniese struktuurelemente wat hul oorsprong in die goddelike skeppingsorde neem. Vir sover ook die staatlike struktuurwette in die goddelike skeppingsorde vervat is, kan die mens tot staatsvorming kom. Volgens Althusius is die normatiewe beginsels wat die samelewingsorde onderlê, primêr in die Dekaloog beliggaam. Die belangrike perspektief wat Althusius vir die staatslewe na vore bring is

drieledig: eerstens is die struktuur van die staat soos wat dit normatief in die wet van die Skepping gegee is, nie 'n menslike uitvindsel nie; dit is nie 'n "bouplan" deur die mens uitgevind of ontwikkel nie; dit is nie die resultaat van 'n ingeskape aanleg waaroor die mens beskik nie. Tweedens, staan die mens onder die gelding van dié tipiese wetsbeginsels wat deur God aan die mens voorgeskryf is en is die mens geroepe om aan hierdie tipiese struktuurbeginsels beslag te gee. Derdens, is die wetsbeginsels van God ewig en onveranderlik, niks daarin kan gewysig word nie, dit kan nie opgeskort word nie en dit kan nie ongedaan gemaak word nie. Saamgevat: die normatiewe "argitektuur" van die staatsverband is 'n individualiteitstruktuur wat deur normatiewe vormingsarbeid in die historiese ontwikkeling van menslike samelewings in spesifieke vorme beslag kry. By implikasie beteken dit dus dat spesifieke historiese omstandighede by spesifieke samelewingskulture 'n gevarieerde profiel van staatsvorme aan die lig bring. Die samevoeging van owerheid en onderdaan in die staatsverband, berus egter op onveranderlike beginsels wat by beslaggewing daaraan spesifieke vorme aanneem wat uit die samelewingskultuur van spesifieke gemeenskappe opkom. Ten spyte van die wisselende vorme wat staatstrukture mag vertoon, bly die wesenlike struktuur vir staat-wees egter onaangetas.

Hoewel die Middeleeuse staatsteorie die ampsidee van staatlike gesaghebbers beklemtoon het, was die beskouings van die staat se publieke ampsversorging in die dialektiese spanning tussen heersersoewereiniteit en volksoewereiniteit vasgevang. Voortspruitend uit die Middeleeuse natuur-genade-motief het die spanninge verhoed dat die idee van publieke ampsoptrede aan die normatiewe struktuurwet van die staat as regsgekwalifiseerde individualiteitstruktuur uitdrukking gee.

Ten spyte van Althusius se insig in die normatiewe individualiteitstruktuur van die staat as regsgekwalifiseerde samelewingsvorm, het die invloed van die Middeleeuse staatsleer ook neerslag in sy staatsleer gevind. Die sterkste effek in hierdie verband het van die Middeleeuse volksoewereiniteitsteorie uitgegaan. Althusius se ongenuanseerde taksering van die modale sin van die reg as kwalifiserende funksie van die staatsverband, het tot gevolg gehad 'n hipotetiese en voorwaardelike gelding van die reg. Dié tekortkoming in Althusius se publieke ampsbeskouing skep implikasies van magstaatlike eierigting in gevalle waar die voorwaardes van die kontrak tussen volk en vors oortree word of waar in stryd met die staatsregtelike grondnorme opgetree word. Die moontlikhede van politieke anargie wat hieruit kan voortspruit is in stryd met die staatsregtelike grondnorme wat juis ten doel het om ordelike simbiotiese sosiale lewe moontlik te maak. Ten spyte van dié leemtes in Althusius se staatsleer, het hy 'n wesenlike bydrae gelewer tot die

ontwikkeling van die teoretiese onderbou van die individualiteitstruktuur van die staat in die algemeen en die Reformatoriese ampsidee as regstaatlike prinsipe in besonder.

Bibliografie

AENEAS SYLVIUS. 1566. *De Ortu et Auctoritate Imperii Romani.* In Schard, S. (Red.), *De Iurisdictione, Autoritate et Preeminentia Imperiali, ac Potestate.* Basileae: Geen uitgewer vermeld, pp. 314-328.

AURELIUS AUGUSTINUS. 1947. *De Staat Gods.* Vertaal deur J. Wytzes. Kampen: J.H. Kok N.V.

ALTHUSIUS, J. 1965. *Politics.* Vertaal deur F.S. Carney. London: Eyre & Spottiswoode.

AQUINAS, T. 1633. *De Regimine Principum.* (Voltooi deur Ptolomaeus van Lucca). Lugduni Batavorum: Joannis Maire.

AQUINAS, T. 1862. *Summa Theologica.* Red. J.-P. Migne. Paris: Petit-Montrouge.

AQUINAS, T. 1947. *Summa Theologica.* Vertaal deur Fathers of the English Dominican Province. Geen plek van uitgawe vermeld: Benziger Bros.

AQUINAS, T. 2007. *Commentary on Aristotle's Politics.* Vertaal deur R.J. Regan. Indianapolis / Cambridge: Hackett Publishing Company Inc.

ARISTOTELES. 1921. *Politica.* Vertaal deur B. Jowett. Oxford: Clarendon Press.

ARISTOTELES. 1925. *Ethica Nicomachea.* Vertaal deur W.D. Ross. Oxford: Clarendon Press.

CALVYN, J. 1984. *Institusie van die Christelike Godsdiens. Vols. I-IV.* Vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.

CANNING, J. 2003. *The Political Thought of Baldus de Ubaldis.* Cambridge: Cambridge University Press.

CONSTITIONES WORMATIENSES. 1835. *Episcorum Relatio ad Imperatorem (De Persona Regali).* In: G.H. Pertz (Red.), *Monumenta Germaniae Historiae Leges, Tomus I.* Hannoverae: Impensis Bibliopolii Hahniani, pp. 331-354.

DANTE ALIGHIERI. 1879. *De Monarchia.* Vertaal deur F.J. Church. London: Macmillan and Co.

DOOYEWEERD, H. 1931. *De Crisis in de Humanistische Staatsleer in het Licht eener Calvinistische Kosmologie en Kennistheorie.* Amsterdam: N.V. Boekhandel W.Ten Have.

GIESEBRECHT, W. VON. 1868. *Sitzungsberichte der Königl. bayer. Akademie der Wissenschaften zu Münich. Vol. III.* Münich: F. Strauss.

HUGO FLORIACENSIS. 1566. *Tractatus de Regia Sacerdotali Diginitate.* Basileae: Cum Caes. gratia privilegia.

JAFFÉ, P. (Red.). 1865. *Bibliotheca Rerum Germanicarum. Monumenta Gregoriana.* Berolini: Apud Weidmannos.

JOHN OF PARIS. 1566. *Tractatus de Regia Potestati et Papali.* In S. Schard (Ed.), *De Iurisdictione, Autoritate et Preeminentia Imperiali, ac Potestate.* Basileae: Geen uitgewer vermeld, pp. 142-224.

JOHN OF SALISBURY. 2000. *Policraticus.* Cambridge: Cambridge University Press.

LESSNOFF, M. 1990. (Red.), *Social Contract Theory.* Oxford: Basil Blackwell Ltd.

GREGORIUS VII. 1865. *Monumenta Gregoriana.* In: Jaffé, P. (Red.), *Bibliotheca Rerum Germanicarum. Tomus II.* Barolini: Apud Weidmannos, pp. 1-576.

NICOLAUS VAN CUES. 1566. *De Concordia Catholica.* In Schard, S. (Red.), *De Iurisdictione et Praeeminentia ac Potestate Ecclesiastica.* Basileae: Cum Caes, Maiest. Gratia & Privilegio, pp. 465-676.

OCKHAM, W. VAN. 1668. *Octo Quaestiones.* In M. Goldast, *Monarchia Romani Imperii. Vol. II.* Frankfurt: Johann-David Zunnerum, pp. 314-391.

OCKHAM, W. VAN. 1668. *Dialogus.* In M. Goldast, *Monarchia Romani Imperii. Vol. II.* Frankfurt: Johann-David Zunnerum, pp. 398-957.

PTOLOMAEUS VAN LUCCA. (Voltooier van Thomas Aquinas se *Regimine Principum*). 1633. *De Regimine Principum.* Lugduni Batavorum: Joannis Maire.

ROMANUS, A. 1498. *De Regimine Principum. Libri III.* Venesië: Simon Bevilaques.

ROMANUS, A. 1561. *De Regimine Principum. Libri III.* Red. S. Bevilaquam. Romae: Antonium Pont. Max.

SCHARD, S. 1566. *De Iurisdictione, Autoritate et Praeeminentia Imperiali, ac Potestate.* Basileae: Geen uitgewer vermeld.

SCHARPFF, F.A. 1871. *Der Kardinal und Bischof Nicolaus von Cusa.* Tübingen: Verlag von H. Luapp'schen.

STRAUSS, D.F.M. 2009. *Philosophy. Discipline of the Disciplines.* Grand Rapids, MI: Paideia Press.

STUMPF, T. 1865. *Die politischen Ideen des Nicolaus von Cues.* Köln: J. Bachem.

VOLKERSDORF, E. VAN. 1553. *De Ortu, Progressu et fine Romani Imperii Liber.* Basileae: Geen uitgewer vermeld.

VOLKERSDORF. E. VAN. (Engelberti Abbatis Admotensis). 1735. *De Regimini Principum.* Red. J.G.T. Huffnagl. Ratisbonae: Joannis Conradi Peezi.